

VEEDIEFSTAL

Forum bepleit beter aanmeldingsyfer

DIE nasionale forum vir die voorkoming van veediefstal het op 'n werksessie besluit dat die aanmeldingskoers vir dié soort misdaad binne die volgende jaar nasionaal met 20% behoort te styg.

Die forum meen 'n slagoffer wat nie 'n misdaad aanmeld nie, is net so aandadig daaraan as die misdadiger wat die oortreding gepleeg het. "As die landbougemeenskap beter dienslewering van die regstelsel verlang, is sy enigste opsie om misdaad aan te meld en die regstelsel daardeur te dwing om dienslewering en hulpbronne te verbeter," lui 'n verklaring.

Lede van die forum het op die werksessie gedebatteer waaraan die probleem van die nie-aanmelding van veediefstal toegeskryf

kan word. Daar is ook gekyk na wie en/of watter instellings daarvoor aanspreeklik gehou moet word.

GEHEELBEELD

Een van die belangrikste bronne vir misdaad-neigings en die nie-aanmelding van misdaad in Suid-Afrika is Statistieke SA se peiling oor slagoffers van misdaad (SMO) vir 2017-'18. Aldus die forum is dié peiling 'n goeie bron van inligting vir die beplanning van misdaad-voorkoming. Dit bied 'n geheelbeeld van veediefstal in Suid-Afrika.

Statistieke van die SA Polisie is op 'n databasis gegrond, terwyl die SMO statistiese beramings is.

In die **TABEL** word die aantal veediefstal-

TABEL

Provinsie	Sake aangemeld (SAPD)	Beraamde voorvalle van veediefstal	Aanmeldings (%)
Gauteng	998	8 003	12,47%
KwaZulu-Natal	6 322	47 610	13,28%
Mpumalanga	3 135	22 459	13,96%
Oos-Kaap	6 217	36 007	17,27%
Limpopo	2 187	10 519	20,79%
Noordwes	3 447	15 586	22,12%
Wes-Kaap	953	4 120	23,13%
Vrystaat	4 032	12 478	32,31%
Noord-Kaap	1 558	2 639	59,04%
Nasionaal	28 849	159 421	18,1%

sake wat in 2017-'18 by die polisie aangemeld is, met die beramings van die SMO per provinsie vergelyk. Daarin is dit duidelik dat vier provinsies onder die nasionale gemiddelde syfer is. Die beramings van die Wes-Kaap, die Noord-Kaap en Gauteng is volgens die SMO onbetroubaar.

DIERESORG

Komitee werk sedert 1978 teen wanpraktyke

DIE Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), lid van die koördineringskomitee vir die versorging van diere (LWCC), het ná die komitee se 172ste vergadering gesê dit is maklik om met die basiese beginsels van dié komitee te vereenselwig aangesien dit die liefde weerspieël wat boere gewoonlik teenoor hul vee toon.

Die komitee is in 1978 gestig nadat die wrede hantering van diere by sommige abattoirs aan die lig gekom het.

Dr. Michael Levien, voormalige voorsitter van die vereniging vir diersorg, het besef van die abattoirs se personeel het toegelaat dat diere aan uiterste lyding, stres en mishandeling blootgestel word met wanpraktyke wat vermy kon word. Levien het voorgestel dat die destydse Vleisraad 'n komitee stig wat uit verteenwoordigers van die Vleisraad én diersorg bestaan. Daar is besluit dat die komitee aanvanklik uit verteenwoordigers van die Vleisraad, die destydse Suid-Afrikaanse Abattoirkorporasie, veterinêre dienste en die regering saamgestel sal word.

Die komitee het aanvanklik op praktyke by abattoirs klem gelê en het daarin geslaag om die pyn, stres en lyding van slagdiere tydens vervoer, hantering en die slagproses aansienlik te verminder.

Die komitee word tans deur die rooivleisbedryf met 'n statutêre heffing gefinansier, sowel as deur bydraes van ander bedryfsorganisasies.

Hoewel dit nie 'n diereeregte-organisasie is nie, bevorder die komitee diersorg deur betrokke te wees by die opstelling van publikasies en gedragskodes wat op boere, vervoerders van vee, abattoirs, veilingslokale en skouterrein-operateurs gemik is.

Ander doelwitte sluit die volgende in:

- Identifikasie van alle organisasies wat by veeproduksie-en-verwerking betrokke is – van die plaas tot by die plek waar die diere geslag word.
- Betrokkenheid van dié organisasies om diersorg te bevorder.
- Die omskrywing van terme wat gebruik moet word wanneer diersorg beoordeel word.
- Die ontwikkeling van standaarde, norme, kode en opleidingshandleidings wat diersorg bevorder of verseker.
- Die bevordering van die instelling van vol-doende en doeltreffende wetgewing om te verseker dat diersorg bevreemdend gemonitor en afdwing kan word.
- Om almal wat in die proses van die aanhou en verwerking van vee betrokke is, aan te moedig om geskikte praktyke ten opsigte

van die menslike hantering en beskerming van vee te ondersteun.

BESTE PRAKTYK

Die RPO se kode vir beste praktyk bevat spesifieke riglyne vir diersorg. Die vertrekpunt is dat diersorg as 'n weerspieëling van die mens se strewing na die menslike of humanitêre behandeling van diere beskryf kan word. Dié wat betrekking het op die RPO is die volgende:

- Besef dat daar 'n noue verband bestaan tussen dieregesondheid en diersorg.
- Die erkende "vyf vryhede" gee riglyne in die bestuur van diersorg. Dié vryhede is: vryheid van honger, dors en wanvoeding; vryheid van vrees en ontsteltenis; vryheid van fisieke en termiese ongerief; vryheid van pyn, beserings en siektes; en die vryheid om normale gedragspatrone uit te leef.
- Die hantering en aanwending van diere hou die verantwoordelikheid in dat die sorg van sulke diere tot die uiterste mate nagestreef moet word.
- Beter versorging van plaasdiere (vee) lei tot verhoogde produktiwiteit en derhalwe ekonomiese voordele. **LBW**



Boere wil hê hul diere moet menslik behandel word voor hulle geslag word. FOTO: LBW-ARGIEF

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102. E-POS: rpo@lantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.